**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

**SAAKNOMMER:** SS63/2007

**DATUM:** 2011-02-23

In die saak van:

**LUCAS NTOZINI** Applikant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

## UITSPRAAK

**FOURIE, J:**

Die applikant doen aansoek om verlof om te appelleer teen die vonnis van lewenslange gevangenisstraf wat op 20 Maart 2003 aan hom opgelê is weens die verkragting van die 15-jarige klaagster. Die Staat bestry die aansoek.

Dit is geykte reg dat in 'n aansoek van hierdie aard die applikant die hof moet oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl bestaan.

Ek het die gronde waarop die aansoek gegrond word, oorweeg, asook die betoë van beide die advokate. Ek is egter van oordeel dat, veral aan die hand van die gronde wat reeds

verstrek is in die uitspraak en vonnis, die applikant nie getoon het dat daar wel 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl bestaan nie. <u>DERHALWE WORD DIE AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER VAN DIE HAND GEWYS</u>.

---------------------

FOURIE, J